

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 Inleiding

In hierdie ondersoek is daar gepoog om insig te verkry in faktore wat uitsakking kan beïnvloed, maar ook om te bepaal wat die aard en omvang van uitsakking aan die PU vir CHO is.

'n Verdere doelwit was om te bepaal of daar betekenisvolle verskille in die aanleg, belangstelling en persoonlikheidsfunksionering van die uitsakker teenoor die suksesvolle studente bestaan. Uit hierdie ondersoek kan dus bepaalde gevolgtrekkings gemaak word.

5.2 Gevolgtrekkings

- a) Soos dit uit die literatuur blyk, bestaan daar bepaalde faktore wat predisponerend kan bydra tot uitsakking. Hierdie faktore (soos in Hoofstuk 2 bespreek), speel by elke individu in 'n mindere of meerdere mate 'n rol met betrekking tot uitsakking. Die mate en wyse waarop dié onderliggende faktore elke individu kan beïnvloed, hang af van die unieke funksionering van elke mens. Dus, alhoewel daar bepaalde tendense by uitsakkers voorkom met betrekking tot sosio-ekonomiese faktore, geslag, geloof en sovoorts, kan dié faktore nie noodwendig uitsakking voorspel nie.
- b) Uit die huidige ondersoeker se resultate is dit egter duidelik dat aanleg - soos gemeet deur die SAT - 'n baie belangrike faktor is by uitsakking. Uit die agt studierigtings wat in dié ondersoek betrek is, het daar by ses van die studierigtings geblyk dat die uitsakkers nie oor dieselfde kognitiewe vermoëns beskik as die suksesvolle student nie. By een groep (HOD) het die uitsakkers oor meerdere kognitiewe vermoëns beskik.

By die B.A. (gerigte grade) was daar slegs een beduidende verskil. By die meerderheid van die studierigtings kon uitsakking dus in verband gebring word met óf gebrekkige kognitiewe vermoëns, óf met die feit dat dié studente wel oor die nodige vermoëns beskik het, maar dat dié vermoëns nie in die regte studierigting gekanaliseer is nie - (die HOD-uitsakkers dien as sprekende voorbeeld). Die huidige ondersoeker se resultate met betrekking tot aanleg, bevestig dus die resultate van ander navorsers, (vergelyk 2.4.6).

- c) Dit blyk ook dat belangstellingsverskille voorgekom het tussen die suksesvolle studente en die uitsakkers. Uit die resultate is dit duidelik dat by sewe van die studierigtings wat betrek is, daar relevante en sinvolle verskille na vore gekom het.

Weer eens was dit slegs by die B.A. (gerigte grade) waar daar net een, irrelevante verskil na vore gekom het. Die resultate verkry deur die 19 VBV is egter 'n aanduiding dat belangstelling 'n belangrike faktor in die bereiking van akademiese doelstellings is. Dié meetinstrument kan dus nuttig aangewend word. Dit is ook belangrik dat daar nie 'n diskrepans bestaan tussen 'n student se belangstellings en sy vermoëns nie.

- d) Verder kom die ondersoeker tot die gevolgtrekking dat daar nie 'n uitsakkerspersoonlikheid bestaan nie, maar dat daar wél sekere persoonlikheidstendense by die uitsakker na vore kom. By meeste van die studierigtings, met uitsondering van B.Com. en B.A. (suiwer) het dit na vore gekom dat die suksesvolle student psigologies beter funksioneer as die uitsakker. (By die B.Com. en B.A.(suiwer)-groepe was daar slegs een beduidende verskil). 'n Interessante verskynsel is dat by die B.A.(gerigte grade) waar daar slegs enkele beduidende verskille met betrekking tot aanleg en persoonlikheid was, daar nege beduidende verskille (op die 1%-peil van waarskynlikheid) na vore getree het by die PHSF.

Dit is dus 'n indikasie dat psigies-gesonde funksionering net so 'n belangrike rol in akademiese sukses speel as byvoorbeeld aanleg en belangstelling. Dit is verder ook opvallend dat veral by sekere intrapsigiese komponente, soos eiewaarde en selfbeheer, die uitsakker swakker funksioneer.

- e) Met betrekking tot die verskil in jaarkursusuitsakkers teenoor dié wat in die semester uitsak, wil dit voorkom of daar nie 'n deurlopende tendens aanwesig is nie. Dit wil dus lyk asof meeste studente wat gaan uitsak, dit sal doen, ongeag die feit of 'n jaarkursus- of semesterkursusstelsel gevolg word of nie. Die toename in uitsakkers in die semesterstelsel kan globaal gesien, nie aan bepaalde aanleg-, belangstellings- of persoonlikheidsfasette gekoppel word nie.
- f) Laastens kom die ondersoeker tot die gevolgtrekking dat dit in meeste gevalle 'n kombinasie van bogenoemde faktore is wat tot uitsakking lei, maar dat daar tog met behulp van die meetmiddels voorspel sal kan word watter studente risiko-gevalle is. Dié aspek verdien dus verdere navorsing.

5.3 Aanbevelings

5.3.1 Inligting aangaande die oorsaak en omstandighede van uitsakking aan die PU vir CHO is beperk en dit bemoeilik navorsing aansienlik. Daarom voel die huidige ondersoeker dat dit noodsaaklik is dat meer inligting oor uitsakking by die uitsakker spesifiek bekom moet word en wel op die volgende wyse :

- a) Die uitsakker of potensiële uitsakker moet versoek word om vóór hy die kampus finaal verlaat, by 'n psigoloog van die Studentevoorligtingsdiens aan te meld waar 'n volledige onderhoud gevoer kan word;

by Gesondheid, Persoonlike Vryheid en die Gewenstheid= skaal verskil die jaarkursus- en semesterkursusuitsakkers onderling. By al drie die veranderlikes toon die jaarkur= susuitsakker swakker psigologiese aanpassing - 'n moeilik verklaarbare verskynsel.

4.6.8 Samevatting

a) Uit Afdeling B van dié hoofstuk blyk dit dus dat sommige uitsakkergroepe ten opsigte van aanleg, belangstel= ling en persoonlikheid beter gefunksioneer het in die jaar= kursusstelsel en andere beter in die semesterstelsel.

b) By aanleg is dit duidelik dat die twee uitsakkersgroepe redelik homogeen is. Slegs enkele verskille is geïdentifiseer.

c) By belangstelling kom dit na vore dat die uitsakkers= groepe heterogeniteit toon. Dit wil dus voorkom of verwarde en diffuse belangstellings by die uitsakker voorkom. Gebrek= kige belangstelling kan dus as belangrike oorsaak vir uit= sakking aangeneem word.

d) Wat persoonlikheid betref, is dit duidelik dat ten op= sigte van sommige groepe daar in die persoonlikheidsfunksio= nering van die uitsakkers (hetsy in die jaar- of semester= kursusstelsel) sekere probleme manifesteer.

Opsommend kan dus gesê word dat dit wil voorkom of in die meeste gevalle, die jaarkursusstelsel of semesterkursusstelsel as sodanig, nie predisponerend of voorkomend ten opsigte van uitsakking sal meewerk nie.

4.7 Samevatting van Hoofstuk 4

Uit dié hoofstuk blyk dit dat daar wel beduidende verskille voorgekom het tussen die suksesvolle studente en die uitsak= kers. Sekere tendense kan dus waargeneem word. Dit het ook verder geblyk dat daar enkele verskille voorgekom het tussen die jaarkursusuitsakkers en die semesterkursusuitsakkers, maar dat dié verskille moeilik verklaarbaar is en dat daar nie sonder meer aanvaar kan word dat een van dié stelsels nega= tief meewerk tot uitsakking nie.

- b) Indien die student byvoorbeeld na 'n naweek of vakansie net nie terugkeer nie, kan aanvaar word dat hy sy studies gestaak het. Dan behoort daar 'n vraelys aan hom gestuur te word waarin onder andere die volgende inligting aangevra word :

- studierigting
- ouderdom
- geslag
- posisie in die gesin
- ouers se opvoedkundige kwalifikasies
- matriekuitslae
- tyd bestee aan studie
- buitemuurse aktiwiteite.

Verder behoort daar ook bepaalde maontlike redes aange-
toon te word, waaruit die student 'n seleksie moet maak.

(Daar is by die Universiteite van Berkeley, San Diego en California groot sukses behaal met dié metode van inligtingversameling. Vir voorbeelde van hul vraelyste sien Cope et al., 1975 : 150 en verder).

- c) 'n Verdere belangrike aanbeveling is dat daar 'n groter sensitiwiteit en oplettendheid by die universiteits-
owerhede moet ontstaan. So het 'n kollege in Illinois bepaalde "waarskuwingstekens" met betrekking tot maont-
like uitsakking geïdentifiseer :

- besluitloosheid oor hoofvakke;
- gereelde kursus- of vakverandering;
- indien 'n koshuisstudent nie vir die volgende termyn plek bespreek nie;
- swak klasbywoning;
- skielike afname in punte.

(Cope et al., 1975).

In die huidige opset by die PU vir CHO kan die resultate van die psigometriese toetsing van die eerstejaars sin-
vol aangewend word in die bepaling van maontlike risiko-
studente.

- d) Ten opsigte van hierdie psigometriese resultate is verdere navorsing egter noodsaaklik, veral met betrekking tot die voorspellingsmoontlikhede.
- e) Laastens wil dit voorkom of strenger toelatingsvereistes en keuring in bepaalde studierigtings 'n noodsaaklikheid geword het. Dit impliseer egter ook dat die vereistes van die matrikulasievrystellingsertifikaat hersien moet word. In dié verband toon Steyn et al. (1983) aan :

"Dit is vir 'n geruime tyd reeds bekend dat 'n matrikulasievrystellingsertifikaat nie 'n goeie norm is vir universiteitstoelating nie. Die persentasie van agtienjarige Blankes wat matrikulasievrystelling in Suid-Afrika behaal, het die afgelope twintig jaar verdubbel van sowat 17% na 34%..."

en verder

"In 'n groot mate kan die hoë uitsakkers aan Suid-Afrikaanse universiteite aan hierdie relatief hoë persentasie toegeskryf word" (p.26)

Dit blyk dus dat die moontlikhede om nie net insig te verkry in die probleem van uitsakking nie, maar ook om dié tendens in 'n mate te voorkom, legio is. Dit sal dus sinvol wees indien daadwerklike en praktiese pogings aangewend word : inligtingversameling is dus noodsaaklik, maar dit is ook belangrik dat die teoretiese inligting in praktyk benut moet word.

5.4 Slotgedagte

Alhoewel daar gepoog moet word om die uitsakkersprobleem drasties te verminder, moet elke navorsers egter ook realisties wees om te beseef dat dié probleem nooit volkome geëlimineer sal kan word nie :

"There will always be a certain number of students who discover that they have made a wrong choice, others who prove unable to develop intellectually much beyond the point they had reached on entry and some who withdraw or fail because of ill-health or other personal reasons"

(Report of the Committee on Higher Education, 1965:189).